Hersien volgens die KABV



# Graad 2



# Lewensvaardigheid in AFRIKAANS

## Boek 2

## Kwartaal 3&4



Naam: | Klas:

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

ISBN 978-1-4315-0264-6

9 781431 502646

Rainbow WORKBOOKS

Werkboeke beskikbaar in hierdie reeks:

- Graad R (in al die 11 amptelike tale);
- Huistaal Graad 1 tot 6 (In al die 11 amptelike tale);
- Wiskunde Graad 1 tot 3 (In al die 11 amptelike tale);
- Wiskunde Graad 4 tot 9 (In Afrikaans en Engels);
- Lewensvaardigheid Graad 1 tot 3 (In al die 11 amptelike tale);
- Engels Eerste Addisionele Taal Graad 1 tot 6.

LIFE SKILLS IN AFRIKAANS
GRADE 2 – BOOK 2
TERMS 3 & 4
ISBN 978-1-4315-0264-6
THIS BOOK MAY NOT BE SOLD.
11th Edition


Gr2 AFR LS B2_Cover.indd 1 2020/07/30 08:50:53



# Inhoud


| Kwartaal 3 | Bladsy |
|---|---|
| 33 Waarom is grond vir ons belangrik? | 2 |
| 34 Die belangrikheid van grond | 4 |
| 35 Meer oor grond | 6 |
| 36 Kom ons werk met die grond | 8 |
| 37 Vervoer op land: padvervoer | 10 |
| 38 Vervoer op land: spoorvervoer | 12 |
| 39 Lugvervoer | 14 |
| 40 Watervervoer | 16 |
| 41 Meer oor watervervoer | 18 |
| 42 Openbare vervoer | 20 |
| 43 Padveiligheid | 22 |
| 44 Verkeersreëls | 24 |
| 45 Skolierpatrollie | 26 |
| 46 Hoe verkeersbeamptes ons kan help | 28 |
| 47 Ander mense wat ons help | 30 |
| 48 Goeie werk in die gemeenskap | 32 |

| Kwartaal 4 | Bladsy |
|---|---|
| 49 Ons is Suid-Afrikaners | 34 |
| 50 Ons landsvlag | 36 |
| 51 Ons volkslied en landswapen | 38 |
| 52 Ons nasionale simbole | 40 |
| 53 Verskillende kommunikasiemetodes | 42 |
| 54 Ons gebruik skrif en ons stemme om te kommunikeer | 44 |
| 55 Nog maniere waarop ons kan kommunikeer | 46 |
| 56 Ons kommunikeer ook deur advertensies en musiek | 48 |
| 57 Hoe kommunikeer ons as ons nie kan hoor nie? | 50 |
| 58 Hoe kommunikeer ons as ons nie kan sien nie? | 52 |
| 59 Dag en nag | 54 |
| 60 Drome en wense | 56 |
| 61 Dagwerk en nagwerk | 58 |
| 62 Hulle doen snags goeie werk | 60 |
| 63 Nagdiere | 62 |
| 64 'n Diertjie wat snags veilig bly | 64 |











*Mev. Angie Motshekga, Minister van Basiese Onderwys*



*Dr. Reginah Mhaule, Adjunkminister van Basiese Onderwys*

*Hierdie werkboeke is vir Suid-Afrika se kinders ontwikkel onder leiding van die Minister van Basiese Onderwys, mev. Angie Motshekga, en die Adjunkminister van Basiese Onderwys, dr. Reginah Mhaule.*

*Die Reënboog-werkboeke maak deel uit van 'n reeks intervensies deur die Departement van Basiese Onderwys wat daarop gemik is om die prestasie van Suid-Afrikaanse leerders in die eerste ses grade te verbeter. Hierdie projek is 'n prioriteit van die Regering se Plan van Aksie, en is deur die ruim befondsing van die Nasionale Tesourie moontlik gemaak. Aldus is die Departement in staat gestel om die boeke gratis in al die amptelike tale te voorsien.*

*Ons hoop dat u as onderwyser hierdie werkboeke in u daaglikse onderrig nuttig sal vind, en dat dit u sal help om seker te maak dat u leerders die kurrikulum dek. Al die aktiwiteite in die werkboeke is voorsien van ikone wat aandui wat die leerders te doen staan.*

*Ons hoop ook dat leerders dit gaan geniet om die boeke deur te werk terwyl hulle leer en groei, en dat u as onderwyser dit saam met hulle gaan geniet.*

*Ons wens u en u leerders alle sukses in die gebruik van hierdie werkboeke toe.*


Published by the Department of Basic Education
222 Struben Street
Pretoria
South Africa



© Department of Basic Education



Eleventh edition 2021

ISBN 978-1-4315-0264-6



**This book may not be sold.**

The Department of Basic Education has made every effort to trace copyright holders but if any have been inadvertently overlooked the Department will be pleased to make the necessary arrangements at the first opportunity.



Gr2 AFR LS B2_Cover.indd 2

2020/07/30 08:50:56

# Graad 2





# Lewensvaardigheid in AFRIKAANS

## Boek 2



Hierdie boek behoort aan:

# Waarom is grond vir ons belangrik?

Ons lees

Mense het grond nodig om te leef. Ons bou ons huise op grond en ons kweek plante om te eet in die grond. Diertjies het ook die grond nodig. Bokke en beeste eet gras en ander plante wat in die grond groei. Sommige klein diertjies, soos hase en muise, asook insekte soos miere en wurms, leef in die grond. Byna alle plante het grond nodig om in te groei.

Daar is **drie** verskillende tipes grond.

## Sandgrond

As jy 'n handvol van hierdie grond tussen jou vingers vryf, sal jy voel dat dit hard, droog en sanderig is. Dit kan maklik deur die wind weggewaai word. As jy water oor sandgrond laat loop, sal jy sien dat die water vinnig daaroor vloei en sommige van die sand wegdra. Die grond is lig van kleur en plante groei nie maklik daarin nie.


Sandgrond

## Kleigrond

Sommige grondsoorte voel soos klei. Wanneer jy dit natmaak, kleef die gronddeeltjies aan mekaar vas. 'n Mens kan allerhande dinge met nat klei maak, soos koppies en bakke en kleidiertjies, maar dit is moeilik om plante in klei te kweek. Wanneer dit reën, hou klei die water lank vas. Dit beteken dat die plante wat daarin groei, te lank in die water staan.


Kleigrond

Datum: ..............................

## Leemgrond

Leemgrond is die beste grond om saad of jong plantjies in te kweek. Dit word nie te nat of te droog nie, en dit bevat genoeg voedingstowwe om plante te laat groei. Leemgrond is soos 'n mengsel van sandgrond en kleigrond, maar dit is gewoonlik donkerder van kleur.



Leemgrond



**Ons doen** Vind uit watter soort grond julle by julle skool het.



- Loop saam met jou maat op die skoolterrein rond en kyk of jy sandgrond, kleigrond en leemgrond kan kry.
- Bring grond van drie verskillende plekke in blikkies, sakkies of koppies klas toe.
- Nommer die houers 1, 2 en 3.



**Ons praat** Gesels met jou maat oor die grond wat jy van die skoolgrond af teruggebring het. Beantwoord hierdie vrae oor elke tipe grond.

- Hoe lyk die grond?
- Hoe voel die grond?
- Is daar plante wat in die grond groei?





**Ons skryf** Vul in die eerste kolom in waar julle die grond gekry het en kleur dan die regte antwoorde in.

| Waar het julle die grond gekry? | Hoe voel dit? | | | Was daar plantegroei? | |
|---|---|---|---|---|---|
| | droog | nat en taai | krummelrig | ja | nee |
| | droog | nat en taai | krummelrig | ja | nee |
| | droog | nat en taai | krummelrig | ja | nee |




34

# Die belangrikheid van grond

Ons praat

Kyk na die prent en gesels oor al die diere wat in gate in die grond leef.




Ons praat

Sê vir jou maat watter diere jy in die prent sien.
Kan jy dink aan ander diere wat in die grond leef? Skryf hulle name neer.

| | | |
|---|---|---|
| | | |
| | | |

Ons doen

- Teken of verf 'n prent van voëls, visse of insekte. Praat met jou maat oor hulle kleure en vorms.
- Versamel natuurlike voorwerpe soos takkies, blare, stukkies wol en sand. Gebruik dit om 'n collage te maak. Gesels met jou maat oor die kleure, vorms en teksture.

Datum:...............................


## Ons doen

- Gebruik oliepastelle om insekte wat in die grond lewe te teken. Gebruik warm kleure vir die prent.
- Gebruik nou koel kleure om 'n lagie ink oor die prent te verf.
- Wys jou prent vir 'n maat en bespreek die kleure en vorms wat jy gebruik het, bv.: Kleur: Watter warm en koue kleure het jy in jou prent gebruik? Vorm: Wat is die vorms van die insekte wat jy geteken het? Byvoorbeeld, 'n erdwurm is silindervormig.

## Ons skryf

Dui die tekstuur van hierdie voorwerpe aan deur te sê hoe elke voorwerp voel, bv. sag, grof, hard of glad. Vul jou antwoorde in.












## Ons beweeg

Maak 'n kring. Hardloop eers regs om in die rondte en hardloop dan links om in die rondte. Gooi dan 'n bal van leerder na leerder. Doen dit eers regs om en dan links om.



# Meer oor grond

**Ons lees** Ons moet grond bewaar en versorg.

Die belangrikste deel van grond vir mense en diere is die bogrond. Dit is die grond waarin plante groei. Die wortels van plante keer dat die wind en reën die bogrond wegwaai en wegspoel. Plante vrek as dit te min reën of as brande die plante vernietig. Hulle gaan ook dood van te veel reën. As daar geen plante groei nie, word die bogrond deur reënwater weggespoel of deur die wind weggewaai. Ons noem dit erosie.

Mense veroorsaak ook gronderosie. Indien ons nie die grond versorg nie, kan die grond nie die plante wat daarin groei, voed nie, en dan begin die plante doodgaan. As gevolg daarvan word grond weggespoel of weggewaai.

**Ons praat** Gesels met jou maat oor maniere waarop mense gronderosie kan veroorsaak. Probeer om hierdie vrae te beantwoord:

Wat gebeur wanneer ons te veel bome afkap?

Wat gebeur wanneer ons te veel bokke, skape of beeste op die land aanhou?

**Ons skryf** Kyk na hierdie prente. Praat met jou maat oor wat met die grond gebeur. Maak dan 'n regmerkie (✔) langs elke korrekte antwoord.

Gronderosie word deur ... veroorsaak

| | |
|---|---|
| wind | |
| brande | |
| te min reën | |

Soms word gronderosie deur ... veroorsaak

| | |
|---|---|
| die son | |
| mense | |
| die wind | |





Datum: ..............................

**Ons lees** Plante het goeie grond nodig om in te groei.

Bome en plante kry hulle kos uit die grond. Wanneer verskillende soorte bome en plante saam groei, neem hulle verskillende soorte kos uit die grond op en bly die grond gesond. Wanneer 'n boer net een soort gewas verbou, soos mielies, word dieselfde plantkos deur al die plante gebruik. Dan kan die grond nie gesond bly nie. Boere kan hulle plaasgrond in 'n goeie toestand hou deur plante te kweek wat verskillende soorte voedsel uit die grond gebruik. Ons kan die grond in ons tuin in 'n goeie toestand hou deur kompos daarby te voeg. Kompos verskaf voedingstowwe aan plante. Jy kan jou eie kompos maak.

Hier is 'n resep daarvoor.

**Ons doen** Resep vir kompos.



**Jy het nodig:**

- vrugteskille en groenteskille
- opgeskeurde papier
- dooie blare en gras
- eierdoppe
- teesakkies
- karton

**Doen die volgende:**

- Sit hierdie goed op 'n hopie in 'n skaduweehoekie van jou tuin.
- Voeg 'n bietjie grond by.
- Voeg genoeg water daarby om die hoop vogtig te hou (maar nie te nat nie).
- Spit alles elke week of tweede week met 'n tuinvurk om.
- Wanneer dit donker en krummelrig word, kan jy die kompos in jou tuin gebruik.

Moet nie gebruik nie: blikkies, glas, plastiek, vis, vleis, melk of kaas

**Ons praat**

Kyk na die prente en maak regmerkies langs die items wat jy op jou komposhoop kan gebruik. Maak groot kruise oor die items wat jy nie moet gebruik nie.







Onderwyser:
Teken:
Datum:

# 36 Kom ons werk met die grond

Ons lees

Leon en sy maatjie, Ntombi, wil graag tuin maak. Ntombi wil groente plant en Leon wil blomme kweek. Eers moet hulle besluit waar die beste plek is om die tuin te maak. Kan jy hulle help? Kyk na hierdie prentjies en maak regmerkies (✓) in die regte raampies.


Wat moet hulle nou doen? Nommer die drie prentjies hierna in die regte volgorde.





Doen hulle die regte dinge? Maak regmerkies by die regte dinge en kruisies (✗) by die verkeerde dinge.






Datum: ..............................



## Ons praat

Gesels met jou maat oor hoe dit sou wees om 'n groentetuin en vrugtebome by die huis te hê. Sou 'n mens geld bespaar? Sou die groente en vrugte beter smaak? Waarom?
Watter soort vrugte en groente kan jy by die huis kweek? Wat groei goed in jou gemeenskap? Kyk na ander mense se tuine of plase.



## Ons skryf


Maak 'n lys van die soort groente wat jy graag sou wil plant. Skryf langs elkeen waarom jy dit sou plant.

| | |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |



## Ons doen

Kyk na hierdie prente en sê vir jou maat wat in elke prent met die boontjieplant gebeur.







## Ons beweeg

- Luister na jou onderwyser. Wanneer sy sê jy moet hardloop, spring, val of huppel, moet jy dit dadelik doen.
- Balanseer op een been. Ruil dan bene om.

Trek 'n streep op die grond of plaas 'n stuk tou op die vloer.

- Loop op die streep.
- Steek jou arms sywaarts uit om jouself te balanseer.
- Probeer nou met jou oë toe!





# Vervoer op land: padvervoer

**Ons lees**

Ons gebruik verskillende soorte vervoer om van een plek na 'n ander te beweeg en om goed van een plek na 'n ander te vervoer. Daar is baie verskillende soorte vervoer. Die meeste van ons reis per land op paaie, spoorweë en voetpaaie. Ons gebruik ook voertuie soos vragmotors en treine om goed per land te vervoer.

**Ons doen**

Kyk na hierdie prente. Hulle beeld almal verskillende padvervoermiddels uit. Verbind elke prentjie met die regte woord.










- donkiekar
- motorfiets
- fiets
- motor
- taxi
- bromponie
- vragmotor
- bus

**Ons praat**

Gesels met jou maat en beantwoord dan hierdie vrae.

Hoe kom jy elke dag by die skool?

Hoe kom jy by maats of familie uit?

Hoe kom jy by die kliniek?

Hoe kom jy in die dorp?

Datum: ..............................

Ons skryf Skryf twee sinne oor hoe jy elke dag by die skool kom.

| |
|---|
| |
| |


Voltooi nou hierdie sinne.

My onderwyser kom met 'n ______________________ skool toe.

Ek gaan met 'n ______________________ kliniek toe.

Ek gaan kuier met 'n ______________________ by my maat.

Ons praat Gebruik jy meer as een vervoermiddel om by die skool te kom? Watter vervoermiddels gebruik die ander kinders in die klas?




Kyk na hierdie grafiek en beantwoord dan die vrae.

Hoe kom die meeste van die leerders in jou klas by die skool?

Hoeveel kinders kom per motor skool toe?

Ons lees







Jy weet nou reeds dat daar verskillende soorte padvervoer is.
Daar is ook verskillende soorte paaie, byvoorbeeld:

- grondpaaie en
- teerpaaie.

Party van die paaie wat stede met mekaar verbind, is twee maal breër as ander paaie. Ons noem dit hoofweë, en omdat daar twee bane aan elke kant is, kan dit vier bane verkeer dra. 'n Deurpad is soos 'n hoofweg, maar die twee dele van die pad is van mekaar geskei. Aan elke kant van die pad kan 'n mens net in een rigting ry.

Ons praat Het jy al ooit op 'n hoofweg gery? Is daar 'n deurpad naby jou? Is die meeste van die paaie waar jy woon grondpaaie of teerpaaie? Watter pad is die veiligste – 'n hoofweg of 'n deurpad? Sê waarom jy so dink.

Onderwyser:
Teken:
Datum:

# Vervoer op land: spoorvervoer

Ons lees

Padvervoer is nie al manier waarop ons op land kan reis nie. Ons kan ook van spoorweë gebruik maak. Spoorweë is bane wat van stukke metaal gemaak is. Dit word spoorlyne genoem. Treine beweeg op hierdie spoorlyne. Hulle dra mense en dinge van een dorp na 'n ander. 'n Trein kan baie meer mense as 'n motor of 'n bus vervoer. Dit kan ook swaarder en meer dinge as 'n vragmotor vervoer.



Ons praat


**Kyk na die prente en gesels met jou maat oor die verskillende soorte treine.**

Watter van hierdie treine vervoer mense?

Watter van die treine vervoer voorwerpe?

Watter soort voorwerpe kan 'n trein vervoer?


'n Trein wat mense vervoer, word 'n passasierstrein genoem. 'n Trein wat voorwerpe vervoer, word 'n goederetrein genoem.



'n Stoomtrein

'n Elektriese trein





'n Dieseltrein

'n Sneltrein



Datum:..............................

Ons pas

Verbind die beskrywing in die linkerkolom met die korrekte prentjie in die regterkolom.

| |
|---|
| Dit gebruik diesel as energiebron. |
| Dit gebruik stoom as energiebron. |
| Dit is 'n baie vinnige elektriese trein wat tot 200 km per uur kan reis. Suid-Afrika se eerste sneltrein is die Gautrein. |
| Dit gebruik elektrisiteit as energiebron. Die elektrisiteit kom van kragkabels bo die spoorlyn. |






Ons doen

Ontwerp jou eie trein en teken dit in die spasie. Bespreek die kleure (warm/koud) en die vorms wat jy in jou prent gebruik het met jou maat.

Ons skryf

Beantwoord hierdie vrae.

| | |
|---|---|
| Watter soort trein het jy geteken? | |
| Hoeveel kos dit om met jou trein te ry? | |
| Hoe ver kan jou trein reis? | |

Doen dit buite

- Huppel, spring op en af, spring vorentoe, en land dan op albei voete.
- Beweeg nou deur die hindernisbaan wat jou onderwyser gerangskik het. Klouter, kruip, seil of spring van een voorwerp na die volgende.
- Voltooi die hindernisbaan weer terwyl jy 'n boontjiesak op jou kop balanseer.

Onderwyser:
Teken:
Datum:

# Lugvervoer


## Ons lees

Tot dusver het jy van landvervoer geleer. Ons kan ook van lugvervoer gebruik maak. Daar is verskillende tipes lugvervoer. Daar is vliegtuie, helikopters, warmlugballonne, sweeftuie en ruimteskepe. 'n Vliegtuig is baie vinniger as 'n trein en nog vinniger as 'n motor. Vliegtuie en helikopters het baie sterk enjins. Warmlugballonne en sweeftuie het glad nie enjins nie. Warmlugballonne beweeg met behulp van warm lug en sweeftuie het vlerke waarmee hulle deur die lug sweef. Mense gebruik warmlugballonne en sweeftuie vir die pret en vir sport. Ruimtereisigers besoek die ruimte in ruimteskepe.

## Ons doen

**Verbind elke woord met die korrekte prent.**

- helikopter
- passasiersvliegtuig
- vegvliegtuig
- warmlugballon
- hangsweeftuig
- pendelruimtetuig



## Ons skryf

Verbeel jou dat jy 'n rit in 'n warmlugballon onderneem. Wat kan jy van daar bo af sien? Skryf 3 dinge neer wat jy kan sien.



Datum: ..............................

Ons praat

Susie en haar broer, Norman, woon in Kaapstad. Hulle gaan hulle neefs en niggies in Johannesburg besoek. Hulle gaan van Kaapstad af na hulle toe vlieg. Kyk na hierdie prente en gesels met jou maat oor wat hulle doen.

1


2


3


4


5


6


7


8


Ons skryf

Lees hierdie sinne. Kyk nou weer na die prente, en nommer die sinne in die korrekte volgorde, van 1 tot 8.

| | |
|---|---|
| | Susie en Norman se sakke word geweeg. |
| | Susie en Norman se ouers neem hulle per motor lughawe toe. |
| | Hulle kry hul instapkaarte by die vertrektoonbank. |
| | 'n Lugwaardin neem Susie en Norman na die sekuriteitskontrolepunt. |
| | Susie en Norman klim met die trappe op na die vliegtuig. |
| | Susie, Norman en hul ouers gaan na die vertrektoonbank. |
| | Hulle gaan sit en maak hulle sitplekgordels vas. |
| | Hulle waai vir hulle ouers om tot siens te sê. |

Onderwyser:
Teken:
Datum:

# Watervervoer

## Ons lees

Die laaste soort vervoer is watervervoer. Mense gebruik al honderde jare lank watervervoer om van plek tot plek te beweeg of om dinge te vervoer. Ons reis oor die see om ander lande te besoek en ons gebruik riviere en mere om na ander plekke in ons eie land te reis.

## Ons skryf

Hoe reis ons op water? Kyk na die prente hieronder en gesels met jou maat oor die verskillende vervoermiddels wat ons gebruik om op water te reis.




Watter vaartuig dink jy gebruik mense om op 'n klein rivier te vaar?

Watter vaartuig gebruik mense om oor die see na 'n ander land te reis?

Dink jy mense gebruik 'n motorboot om ver te reis of om in die nabyheid rond te vaar?

## Ons skryf

Skryf nou een sin oor drie van die bote. Sê waarvoor dit gebruik kan word.

| |
|---|
| |
| |
| |

Datum: ..............................




## Ons praat

Gesels met jou maat oor hierdie vrae.

- Watter vervoermiddel is die beste vir jou? Waarom sê jy so?
- Watter vervoermiddel is die stadigste?
- Watter vervoermiddel is die vinnigste?
- Watter padvervoermiddel gebruik jou onderwyser om by die skool te kom?
- Waar in Suid-Afrika kan jy 'n sneltrein gebruik?

## Ons doen


Teken 'n prent van die soort vervoer waarvan jy die meeste hou. Dit kan 'n motor, 'n vliegtuig of 'n fiets wees. Jy kan selfs 'n perd teken.






## Ons beweeg

- Speel skaap en wolf.
- Verdeel in twee groepe: een groep is wolwe en die ander skape.
- Merk 'n "hok" af waar die skape gehou word wanneer hulle gevang word.
- Wanneer die onderwyser die teken gee, moet die wolwe die skape probeer vang.
- Skape wat gevang word, gaan na die "hok".
- Die ander skape probeer om die skape in die kraal te bevry deur aan hulle te raak.
- Sodra daar aan die skape in die kraal geraak is, kan hulle weer by die speletjie aansluit.





Kwartaal 3 – Week 3–5

# 41 Meer oor watervervoer

**Ons praat** Kyk na die prente en gesels met jou maat daaroor.

Het jy al ooit vervoermiddels soos hierdie gesien? Watter boot kan onder die water vaar? Ken jy die name van enigeen van hierdie tipes watervervoer?








**Ons lees** Lees die inligtingstukkies hieronder, en kyk na die prente. Verbind elke prent met 'n inligtingstukkie. Skryf die nommer van elke stukkie by die korrekte prent.

1. 'n Pont- of veerboot neem mense, motors en ander goedere oor 'n rivier. Daar is 'n pontboot soos hierdie by Malgas in die Wes-Kaap. Dit neem motors en mense oor die Breederivier.

2. 'n Duikboot vaar onder die water. Die meeste duikbote is baie groot en kan baie mense vervoer. Die grootste duikbote kan baie maande lank onder water bly.

3. Daar is mense wat op huisbote bly. Toeriste wat by plekke soos Kariba in Zimbabwe vakansie gaan hou, kan op 'n huisboot bly en om die meer vaar.







Datum: ..............................

## Ons lees

Jy het geleer dat treine verskillende soorte energie gebruik om hulle te laat beweeg. Bote gebruik ook verskillende soorte energie. Party bote maak van mense se energie gebruik. Ander bote kry hulle energie van brandstof of stoom. Baie bote maak van windenergie gebruik.

## Ons skryf

Merk die korrekte antwoorde op hierdie vrae.


| Watter soort energie gebruik 'n roeiboot? | |
|---|---|
| diesel | |
| menslike energie | |
| stoom | |



| Watter soort energie gebruik 'n motorboot? | |
|---|---|
| wind | |
| stoom | |
| petrol | |



| Watter soort energie dink jy gebruik 'n seilboot? | |
|---|---|
| stoom | |
| wind | |
| menslike energie | |



Onderwyser:
Teken:
Datum:

# 42 Openbare vervoer

**Ons praat** Wat is openbare vervoer?

Is jou skoolhoof se motor 'n voorbeeld van openbare vervoer?

Is iemand se fiets dalk openbare vervoer?

Kan 'n bus 'n openbare vervoermiddel wees?

**Ons lees** Openbare vervoer is vervoer wat enigiemand kan gebruik, maar 'n mens moet 'n kaartjie koop om dit te gebruik. Treine, busse, vliegtuie, taxi's en pontbote kan vir openbare vervoer gebruik word.

**Ons praat** Watter soorte openbare vervoermiddels het jy al gebruik?

Wat moet jy altyd doen voordat jy openbare vervoer gebruik?

Wanneer gebruik mense openbare vervoer?

**Ons doen** Doen 'n klasopname oor die verskillende soorte openbare vervoermiddels wat jou klasmaats al gebruik het. Kleur 'n blokkie in die tabel hieronder in vir elke tipe openbare vervoer wat elke persoon gebruik het.

Aantal klasmaats

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 11 | | | | |
| 10 | | | | |
| 9 | | | | |
| 8 | | | | |
| 7 | | | | |
| 6 | | | | |
| 5 | | | | |
| 4 | | | | |
| 3 | | | | |
| 2 | | | | |
| 1 | | | | |
| | Taxi | Trein | Bus | Vliegtuig |



Datum:..............................

**Ons doen**


Gebruik afvalmateriaal om die volgende te doen:

- Ontwerp en bou 'n skryfbehoeftehouer wat soos 'n vervoermiddel lyk, bv. 'n trein met leë waens waarin jy jou potlode en penne kan bêre.
- Verf en versier jou vervoermiddel.




**Ons doen**


Knip die prente van die verskillende vervoermiddels onder aan die bladsy uit. Plak elke prent op die regte plek,















43



# Padveiligheid

Ons praat

Die mense in hierdie prent verbreek die verkeersreëls. Praat met jou maat oor wat hulle verkeerd doen. Waarom moet ons verkeersreëls gehoorsaam?



Datum: ..............................




Ons lees

Byna elke maand lees of hoor ons van skoolkinders wat deur motoriste raakgery word terwyl hulle te voet of per fiets op pad is skool toe. Jy kan seker maak dat jy veilig op die pad bly deur die verkeersreëls te gehoorsaam.



## Reëls vir voetgangers

- Voordat jy 'n straat oorsteek, moet jy altyd regs kyk, dan links en dan weer regs om seker te maak dat geen motors, fietse, taxi's of busse aankom nie.
- As 'n pad baie besig is, loop tot by 'n stopteken, of 'n verkeerslig of 'n sebra-oorgang en steek die pad daar oor – nie sommer op enige plek nie.
- As daar 'n sebra-oorgang of 'n skolierpatrollie is, gebruik dit. Dit is die veiligste plekke om 'n pad oor te steek.
- Moenie in die pad loop nie. Loop op die sypaadjie. As daar geen sypaadjie is nie, stap so ver as moontlik van die motors af. Stap altyd aan die regterkant van die pad, sodat jy die verkeer kan sien wat na jou toe aankom.
- Moenie speletjies naby 'n pad speel nie.
- Wees veral versigtig voordat jy die straat by 'n plek oorsteek waar motors by die straat indraai of afdraai.








## Reëls vir fietsryers

- Beplan hoe om te kom waar jy wil wees.
- Maak seker daar is niks met jou fiets verkeerd nie. Gaan die bande, die remme, die pedale, die ketting, die lig, die klokkie en die stuurhandvatsels na.
- As jy in die aand of in swak lig op jou fiets ry, moet jy 'n helder lig voor aan jou fiets en 'n glansende plakker agter aan jou fiets aanbring.
- Dra altyd 'n valhelm. Dit sal jou kop beskerm as jy dalk val of in 'n ongeluk betrokke is. 'n Helm kan jou lewe red.
- Ry sover moontlik op spesiale fietspaaie.
- Gebruik die veiligste roete en nie net die kortste roete nie.
- Gebruik die korrekte handseine duidelik wanneer jy draai.
- Moet nooit langs 'n ander fietsryer ry nie – ry altyd agter mekaar.
- Moet nooit fietstoertjies uithaal wanneer daar verkeer op die pad is nie.



Doen dit buite

Jou juffrou sal vir jou wys hoe om 'n veilige **vooroorrol** en **agteroorrol** uit te voer.





# Verkeersreëls

**Ons skryf** Kyk weer na die prentjie op bladsy 22 en beantwoord dan hierdie vrae.

| |
|---|
| Hoeveel mense verbreek die verkeersreëls? |
| |
| Watter reël verbreek die vrou met die sak? |
| |
| Hoeveel reëls verbreek die meisie op die fiets? |
| |
| Watter reëls oortree sy? |
| |
| Wat sou met die bejaarde man kon gebeur? |
| |
| Wat moet jy altyd doen voordat jy 'n pad oorsteek? |
| |

**Ons praat**


Verkeersligte het drie kleure.

Watter kleure is dit?

Wat beteken die kleure?

Watter kleur is bo?


Watter kleur is in die middel?




Datum: ..............................

## Ons doen

Kleur die ligte van hierdie verkeersligte in sodat dit by die woord aan die onderkant van die prentjie pas. Sê dan wat elke padteken beteken.





Maak 'n regmerkie (✔) in die raampie langs die verkeerslig wat wys dit is veilig om die pad oor te steek.



## Ons beweeg

- Gooi jou boontjiesakkie in die lug en vang dit. Gooi dit nou so ver vorentoe as wat jy kan.
- Werk saam met 'n maat. Maak beurte om die boontjiesakkie te gooi en te vang.
- Werk in spanne. Kyk hoeveel boontjiesakkies julle span binne 60 sekondes in die mandjie kan gooi.





45

Kwartaal 3 – Week 6–7

# Skolierpatrollie

## Ons praat

Kyk na die prent en gesels met jou maat daaroor.

- Wat is die skolierpatrollie?
- Hoe help dit leerders?
- Waarom is dit vir jou belangrik?




## Ons skryf

Beantwoord hierdie vrae.

| |
|---|
| Is dit veilig vir leerders om 'n pad op hul eie oor te steek? |
| |
| Waarom dink jy so? |
| |
| Wanneer behoort daar 'n skolierpatrollie te wees? |
| |
| Hoe weet jy dat iemand 'n lid van die skolierpatrollie is? |
| |
| Hoe stop die skolierpatrollie die verkeer? |
| |
| Hoe keer dit die leerders om die pad oor te steek? |
| |

Datum: ..............................

Ons doen

Dumisani en sy ma stap biblioteek toe. Op pad soontoe sien hulle hierdie padtekens. Wat beteken die padtekens? Kies die beskrywing wat by elke padteken pas.

















- Voetgangers verbode
- Stopstraat
- Voetgangers hier toegelaat
- Biblioteek
- Kruising
- Slegs voetgangers

Ons skryf

Ntombi en haar pa ry dorp toe om inkopies te gaan doen. Hulle sien hierdie padtekens. Ntombi vra vir haar pa wat hulle beteken. Weet jy wat hulle beteken? Werk saam met jou maat en skryf neer wat Ntombi se pa moet doen wanneer hy hierdie tekens sien. Om te kyk of julle antwoorde reg is, draai die boek om.

1



2


3


4


Antwoorde:
(1) Stop wanneer jy hierdie teken sien. (2) Geen toegang.
(3) Geen voetgangers nie (4) Jy mag nie die motor voor jou verbysteek nie.

Onderwyser:
Teken:
Datum:

# 46 Hoe verkeersbeamptes ons kan help

Ons praat

Kyk na die prent en gesels met jou maat daaroor. Beantwoord dan hierdie vrae.

Watter soort polisiebeampte is dit?

Wat weet jy omtrent die verkeerspolisie?



Ons skryf

Beantwoord nou hierdie vrae.

| Wat doen 'n verkeersbeampte? |
| --- |
| |
| |
| **Hoe kan 'n verkeersbeampte jou help?** |
| |
| |
| **Waarom dink jy is die polisiebeampte se motor so geparkeer?** |
| |

Datum: ..............................

## Ons praat

Kyk na die prent en gesels met jou maat daaroor.



## Ons skryf

Beantwoord hierdie vrae.

| Wat het die bestuurder in die blou motor gedoen wat verkeerd is? |
| --- |
| |
| **Wat dink jy behoort die verkeersbeampte te doen?** |
| |

## Ons doen

Gebruik ou sokkies om handpoppe te maak. Jy en jou maat kan die handpoppe gebruik om te wys hoe 'n fietsryer deur 'n rooi lig ry. Een van julle is die fietsryer en die ander een is die verkeersbeampte.

## Ons beweeg

1. Hardloop oral in die klaskamer rond.
    - Wanneer jou onderwyser sê jy moet stop, moet jy net waar jy is doodstil bly staan.
2. Jou onderwyser sal julle in spanne verdeel.
    - Julle gaan aflosresies hardloop.
    - Die span wat die meeste resies wen, is die wenspan.



Onderwyser:

Teken:

Datum:

# Ander mense wat ons help

**Ons praat** Praat met jou maat oor al die mense in ons gemeenskap wat ons kan help.

**Ons pas** Verbind elke beskrywing links met die korrekte prentjie regs.

Ek help mense in die biblioteek om boeke uit te neem of inligting te soek.
Soms vertel ek vir kinders stories.

Ek hou van diere.
Ek help diere wat siek is of wat seergekry het.

Ek bring jou pos van die poskantoor na jou posbus tuis.

Ek help jou as jy tandpyn het. Ek wys jou hoe jy jou tande moet versorg en gesond kan hou.

Ek help siek kinders en grootmense.
Ek gee vir hulle medisyne en inspuitings sodat hulle beter kan word.

Ek maak seker dat die strate skoongehou word.
Elke week kom haal ek jou vullis met die vulliswa.













Datum: ..............................



**Ons doen**

Teken hier 'n prentjie van iemand wat die soort werk doen wat jy graag wil doen.

| Watter soort werk wil jy doen wanneer jy die skool verlaat? Sê waarom jy die werk wil doen. |
| --- |
| |
| |
| |





**Doen dit buite**




- Hang aan 'n klimraam en beweeg vorentoe deur die een hand voor die ander een te plaas.
- Stoot saam met jou maat kruiwa. Kyk hoe ver julle kan kom.
- Jou onderwyser sal vir julle musiek speel. Hoe laat dit jou voel? Gelukkig, hartseer of kalm?









48

Kwartaal 3 – Week 8–9

# Goeie werk in die gemeenskap

**Ons pas** Verbind die soort beroep links met die korrekte woord regs.

| | |
|---|---|
| bloemiste | boek |
| brandbestryder | skêr |
| dokter | kos |
| kok | blomme |
| kleremaker | medisyne |
| onderwyser | brandweerwa |
| haarkapper | leerders |
| skrywer | klere |

**Ons lees**

Dit is Saterdag en Deon het vandag baie om te doen. Hy moet eers biblioteek toe gaan om 'n boek oor vervoer te kry. Dan moet hy na die kliniek gaan om medisyne vir sy ouma te gaan haal. Hy moet dan posseëls vir sy ma koop. Daarna sal hy vir sy ousus lugtyd gaan koop. Die laaste ding wat hy moet doen, is om vir sy pa uit te vind hoe laat die rugbywedstryd begin.

**Ons skryf** Beantwoord nou hierdie vrae.

Wie help vir Deon by die biblioteek?

Waar koop Deon die seëls?

Datum: ..............................

| Wie gee vir hom die medisyne vir sy ouma? |
|---|
| |
| **Waarheen gaan hy om uit te vind oor die rugbywedstryd?** |
| |

**Ons doen**

Kyk na die prente. Hulle wys hoe Deon al sy take verrig, maar hulle is geskommel. Nommer hulle in die regte volgorde.













**Ons doen**

Wanneer dit jou beurt is, sal jou onderwyser jou 'n stuk papier uit 'n boks laat haal. Kyk na die woord op die stuk papier, maar moet dit vir niemand anders wys nie. Dit sal die naam van 'n beroep wees. Dramatiseer hierdie beroep nou vir die klas sonder om 'n woord te sê. Die ander leerders moet uitwerk watter soort werk jy voorstel.

**Doen dit buite**



- Gooi 'n tennisbal in die lug op en vang dit. Gooi dit weer, 'n bietjie hoër, en vang dit. Gooi dit nog hoër, en vang dit.

Jou onderwyser sal vir jou 'n hoepel gee.

- Plaas die hoepel op die grond. Bons die bal binne-in die hoepel met jou regterhand en vang die bal met jou linkerhand. Doen dit dan andersom. Loop om die buitekant van die hoepel en bons die bal aan die binnekant van die hoepel. Staan binne-in die hoepel en laat die bal buite die hoepel hop.
- Loop in 'n sigsagpatroon tussen merkers deur en bons terselfdertyd die tennisbal.



# Ons is Suid-Afrikaners



Ons doen

Kyk na die kaart van Suid-Afrika.
Plaas 'n kruisie in die provinsie waar jy woon.
Indien jy in een van die dorpe of stede woon wat op die kaart verskyn, omkring dit. Indien jy op 'n ander plek woon, maak jou kruisie in die omgewing waarin jy woon.



Datum: ..............................



**Ons skryf** Kyk weer na die kaart en beantwoord dan hierdie vrae.

| In watter provinsie woon jy? |
| --- |
| |
| **Wat is die naam van die plek waar jy bly?** |
| |
| **Watter provinsies grens aan jou provinsie?** |
| |
| **Wanneer mense van ander plekke jou provinsie besoek, wat wil hulle sien?** |
| |




**Ons skryf** Verbeel jou dat jy twee ander provinsies gaan besoek. Watter provinsies sou jy graag wil besoek? Skryf een of twee dinge neer wat jy in elke provinsie sal wil sien.

| Naam van provinsie | Dinge wat jy wil sien |
| --- | --- |
| | |
| | |
| | |

Suid-Afrika het 11 amptelike tale. Skryf die name van vier van die tale neer. Praat jy of enigeen van jou maats hierdie tale? Skryf hulle name neer langs die tale wat hulle praat.

| | Amptelike taal | Iemand wat jy ken wat die taal praat |
| --- | --- | --- |
| 1. | | |
| 2. | | |
| 3. | | |
| 4. | | |



50


# Ons landsvlag



Ons doen

Suid-Afrika het op 27 April 1994 'n nuwe landsvlag gekry. Dit is ons nasionale vlag, want dit behoort aan ons land. Kleur dit in. Gebruik hierdie kleure volgens die nommers in die prent:

| | |
|---|---|
| 1 = rooi | |
| 2 = groen | |
| 3 = geel | |
| 4 = wit | |
| 5 = blou | |
| 6 = swart | |




Ons praat

Praat met jou maat oor die plekke waar jy die Suid-Afrikaanse vlag kan sien.

Is daar 'n Suid-Afrikaanse vlag by jou skool?

Wapper die vlag op ander plekke in jou gemeenskap?

Wapper daar 'n vlag by jou naaste polisiestasie?

Ons skryf

By watter geleenthede sien ons die landsvlag?
Skryf nog 3 of 4 plekke neer waar ons die landsvlag sien.

Datum:..............................

Ons skryf

Lees elke stelling. Maak 'n regmerkie (✔) as die stelling waar is en 'n kruisie (✘) as dit onwaar is.

| | ✔ | ✘ |
|---|---|---|
| Die vlag is vir die eerste keer op 27 April 1994 gehys. | | |
| Die vlag het twee kleure. | | |
| Suid-Afrika het sedert 27 April 1994 dieselfde vlag. | | |
| Jy kan die vlag by die polisiestasie sien wapper. | | |

Ons praat

Kyk na die prent. Praat met jou maat oor wat die sokkerspelers in die prentjie doen.



Doen dit buite

Vorm 'n kring deur hande vas te hou.

- Galop op een plek.
- Stap 6 treë vorentoe.
- Huppel 10 treë agteruit.
- Hop 6 keer op elke voet.
- Neem 3 treë links en 3 treë regs.
- Stap sywaarts deur jou bene te oorkruis.
- Stop!

**Vir die onderwyser:**
Wys die instruksies op flitskaarte.



Onderwyser:

Teken:

Datum:

# Ons volkslied en landswapen

**Ons lees**

Ons het 'n pragtige volkslied. Dit word *Nkosi Sikelel' iAfrika* genoem, wat "God seën Afrika" beteken. Die eerste twee verse is in Zulu, Xhosa en Sotho. Die laaste twee is in Afrikaans en Engels.

**Ons sing**

Hier is die woorde vir Nkosi Sikelel' iAfrika. Kan jy dit sing? Kom ons probeer.

| | Woorde van die volkslied | Die volkslied in Afrikaans |
|---|---|---|
| Xhosa | Nkosi sikelel' iAfrika<br>Maluphakanyisw' uphondo lwayo, | God, seën Afrika<br>Mag haar gees opstyg, |
| Zulu | Yizwa imithandazo yethu,<br>Nkosi sikelela, thina lusapho lwayo. | Hoor ons gebede,<br>God seën ons, haar kinders. |
| Sotho | Morena boloka setjhaba sa heso,<br>O fedise dintwa le matshwenyeho,<br>O se boloke, O se boloke setjhaba sa heso,<br>Setjhaba sa, South Afrika,<br>South Afrika. | God, ons vra dat ons nasie beskerm moet word,<br>Dat alle konflik beëindig moet word.<br>Beskerm ons, beskerm ons nasie,<br>ons nasie, Suid-Afrika,<br>Suid-Afrika. |
| Afrikaans | Uit die blou van onse hemel,<br>uit die diepte van ons see,<br>Oor ons ewige gebergtes<br>waar die kranse antwoord gee, |  |
| Engels | Sounds the call to come together,<br>And united we shall stand,<br>Let us live and strive for freedom<br>In South Africa our land. | Klink die oproep tot eenheid,<br>En saam sal ons staan,<br>Laat ons lewe en streef na vryheid<br>In Suid-Afrika ons land. |

Datum: ..............................

**Ons skryf**

Wanneer word ons volkslied gesing? Lees elke stelling. Maak 'n regmerkie (✔) as die sin waar is en 'n kruisie (✘) as dit onwaar is.

| | ✔ | ✘ |
|---|---|---|
| Ons sing die volkslied in die kerk. | | |
| Die Bafana Bafana-span sing die volkslied voordat hulle 'n wedstryd speel. | | |
| Ons sing die volkslied by die skool. | | |

**Ons lees**

As iemand jou handtekening (die spesiale manier waarop jy jou naam skryf) op 'n brief sien, weet hulle die brief kom van jou. 'n Landswapen is soos die handtekening van 'n land. Wanneer ons ons landswapen op 'n boek of verslag sien, weet ons dit kom van die Suid-Afrikaanse regering af. Ons landswapen bevat baie simbole. Elkeen het 'n spesiale betekenis.

'n Sekretarisvoël met oopgespreide vlerke. Hy hou wag oor ons nasie.

'n Proteablom, wat die skoonheid van die land simboliseer.

Olifanttande, wat ons wysheid simboliseer.

Koringare vir die vrugbaarheid van ons land, wat dit vir ons moontlik maak om genoeg kos te kweek om te eet.




Die opkomende son, wat lig en lewe beteken.

'n Spies en knopkierie in 'n rustende posisie, om te wys dat daar vrede in die land heers.

'n Skild, wat wys dat ons gereed is om wat ook al gebeur, te hanteer.

Twee San-rotstekeninge, om ons aan die eerste mense wat in ons land gewoon het, te herinner.

Ons slagspreuk, !ke e:/xarra//ke, wat in die taal van die Khoisan "verskillende mense verenig" beteken.

**Ons praat**

Gesels met jou maat oor waar jy ons landswapen al gesien het. Kan jy ons landswapen nou dadelik vir jou maat wys?

**Ons skryf**

Skryf 2 of 3 ander plekke neer waar jy ons landswapen gesien het.

| |
|---|
| |
| |

Onderwyser:
Teken:
Datum:

# 52 Ons nasionale simbole

## Ons lees


Kyk na die prente. Elk van hierdie simbole is 'n nasionale simbool van Suid-Afrika. 'n Simbool is iets wat vir iets anders staan. Al hierdie simbole staan vir Suid-Afrika.

## Ons skryf

Skryf 'n byskrif vir elk van ons nasionale simbole hieronder. Gebruik een van die volgende:

| Springbok | Galjoen | Geelhoutboom | Bloukraanvoël | Koningprotea |
|---|---|---|---|---|











## Ons doen

Teken 'n prent van een van hierdie simbole. Praat met jou maat oor die kleure, vorms en teksture.

Datum: ..............................



**Ons skryf** Voltooi die sinne hieronder. Gebruik hierdie woorde:



geelhoutboom



koningprotea



rugby



vis

5

vyf



dier



vyf sent

Ons nasionale blom is die ______________________________.

Ons nasionale boom is die ______________________________.

Die springbok is ons nasionale ______________________________.

Ons nasionale voël verskyn op ons ____________________-muntstuk.


Ons nasionale dier verskyn op die trui van ons ________________-span.

Daar is ____________________ tale in ons volkslied.

Die galjoen is ons nasionale ______________________________.



# Verskillende kommunikasiemetodes



**Ons praat**

Kyk na die prentjie en praat met jou maat oor al die verskillende maniere waarop mense met mekaar kan kommunikeer.

**Ons lees**

Praat is 'n kommunikasiemetode wat ons almal ken. Ons kan ook kommunikeer deur te skryf. Soms kommunikeer ons sonder taal. Kyk na die prentjies op die volgende bladsy. Elke prentjie vertel vir ons iets sonder om 'n taal te gebruik.

Datum: ..............................

**Ons skryf** Skryf in die spasies onder die prente wat elke prent vir ons sê.






**Ons doen** Kyk na die sinne in die raampies. Ons kan vir iemand al hierdie dinge sê sonder om te praat. Maak beurte met jou maat om te wys hoe ons elke boodskap oordra.

Sit langs my.

Nee. | Bly stil. | Ja. | Ek is kwaad. | Kom hier. | Ek weet nie.

**Ons lees** Wanneer jy oor die telefoon met iemand praat, moet jy onthou dat hulle jou nie kan sien nie. As jy handgebare of gesigsuitdrukkings gebruik, sal hulle dit nie sien nie. Maar jy kan jou stem gebruik, omdat hulle jou stem kan hoor. Jy kan jou stem gelukkig of hartseer maak en hulle sal dit hoor.

**Ons doen** Maak beurte om hierdie sinne saam met jou maat te sê. Gebruik jou gesig, jou hande en jou stem om die gevoel oor te dra.



| Sê die sin. | Gevoel |
|---|---|
| My pa het my biblioteek toe geneem. | gelukkig |
| Ons het in 'n taxi dorp toe gery. | gelukkig |
| Ek het Saterdag tuis gebly. | kwaad |
| My ouma gaan terug huis toe. | hartseer |
| Daar was 'n harde slag. | bang |
| Dit is Donderdag vandag. | gelukkig |



Onderwyser:
Teken:
Datum:

Sê die sinne nou weer. Gebruik hierdie keer **NET** jou stem om die gevoel oor te dra.

54


Kwartaal 4 – Week 3–5

# Ons gebruik skrif en ons stemme om te kommunikeer

**Ons skryf**

Ons gebruik skrif vir verskillende soorte kommunikasie. Kyk na die prente en skryf die korrekte byskrif onder elke prent. Gebruik een van die volgende:

| SMS | e-pos | brief | faks | poskaart |
| --- | --- | --- | --- | --- |


______


______


______


______


______

**Ons skryf**

Verbeel jou jy is met vakansie op 'n dorp wat jy nog nooit tevore besoek het nie. Skryf 'n poskaart aan jou maat oor alles wat jy gesien en gedoen het.



Datum: ..............................

## Ons doen

Werk saam met 'n maat.



- Sit met jou rug teen jou maat se rug en maak of julle oor die telefoon met mekaar praat.
- Maak beurte om oor julle vakansie te praat.
- Gebruik julle stemme om julle gevoelens oor te dra.

## Ons praat

Kyk na die prent en gesels met jou maat daaroor. Hoe gebruik hierdie kinders hulle stemme? Praat oor maniere waarop jy jou stem kan gebruik om te kommunikeer.





## Ons beweeg

Kom ons speel krieket.

- Verdeel in twee spanne.
- Besluit watter span gaan kolf en watter span gaan boul.
- Ken jy die krieketreëls? As jy dit nie ken nie, sal jou onderwyser jou help.



# Nog maniere waarop ons kan kommunikeer



Ons doen

Weet jy watter pad jou poskaart moet volg om jou maat te bereik? Lees hierdie beskrywings van die stappe wat die poskaart moet volg. Kyk nou na die prente. Nommer die prente sodat hulle by die stappe in die beskrywing pas.









1
Jy skryf jou poskaart.

2
Jy koop 'n posseël en plak dit op jou poskaart.

3
Jy pos jou poskaart in 'n posbus.

4
Die poswa neem jou poskaart na die poskantoor.

5
By die poskantoor word jou poskaart gesorteer saam met ander pos wat na dieselfde plek toe gaan.

6
Jou poskaart reis nou per trein of per vliegtuig na 'n poskantoor in daardie dorp.

7
'n Posbode by daardie poskantoor lewer jou poskaart by jou maat se huis af.







Datum: ...............................



Ons praat

Kyk na die prent en gesels met jou maat daaroor.
Hoeveel verskillende maniere van kommunikeer kan jy onderskei?








Ons skryf

Kyk weer na die prent en beantwoord dan hierdie vrae.

| Hoeveel mense is besig om iets te lees? |
| --- |
| |
| Wat lees ons vir die pret? |
| |
| Wat kan ons elke dag lees om uit te vind wat in ons land gebeur? |
| |



# 56 Ons kommunikeer ook deur advertensies en musiek




Ons doen

Advertensies is ook 'n manier waarop ons kan kommunikeer.
Ontwerp jou eie plakkaat om 'n nuwe vrugtesap te adverteer.
Sluit die volgende inligting by jou plakkaat in:

- Die naam van die vrugtesap
- Die prys van die vrugtesap
- 'n Prent van die vrugte wat gebruik word
- 'n Beskrywing van die vrugtesap
- 'n Beskrywing van die mense wat van die vrugtesap sal hou
- Waar mense die vrugtesap sal kan koop

Wys jou plakkaat vir jou maat en praat oor die kleure en vorms wat jy gebruik het.



Datum: ..............................

## Ons praat



Gesels met jou maat oor waar jy jou plakkaat sal opplak.

Jy wil seker maak dat baie mense dit sal sien.

## Ons doen

Musiek is ook 'n manier waarop ons kommunikeer. Gesels met jou maat oor verskillende soortes liedjies wat jy ken.



- Maak beurte om liedjies te sing wat julle gelukkig maak.
- Sing nou 'n stapliedjie.
- Waarom is dit 'n goeie stapliedjie?
- Wanneer sing julle by die skool?
- Sing jou gunsteling-liedjie.
- Sê vir jou maat waarom jy daarvan hou.

## Ons beweeg




Verdeel in spanne van vier om aflosresies te hardloop.

Die eerste leerder in elke span kry 'n aflosstokkie.

Wanneer die onderwyser die teken gee, hardloop die eerste spanmaat na die tweede spanmaat en gee die aflosstokkie vir hom of haar aan.

Die tweede spanmaat gee die aflosstokkie vir die derde spanmaat aan.

Die derde spanmaat gee die aflosstokkie vir die vierde spanmaat aan.

Hy of sy hardloop daarmee na die eindstreep toe.



57

# Hoe kommunikeer ons as ons nie kan hoor nie?

**Ons doen** Ons gebruik ons ore wanneer ons kommunikeer. Teken 'n prent om te wys hoe iemand na iets luister. Wys ook waarna hy of sy luister.

**Ons skryf** Beantwoord hierdie vrae.

Luister jy graag na die radio? Sê waarom.

Watter soort inligting kry jy as jy radio luister?

Wat doen 'n radio-omroeper?

Datum: ..........................


**Ons doen**

Maak of jy die nuus oor die radio lees. Gebruik jou stem om die nuus vir luisteraars interessant te maak. Gebruik een of meer van hierdie woorde:

| | | |
|---|---|---|
| storms en oorstromings | skoolvakansies | paaie baie besig |
| Graad 2-leerder | Wiskundeprys | Bafana Bafana |

**Ons lees**

Mense met gestremdhede moet dikwels ander maniere vind om te kommunikeer. Baie mense wat byvoorbeeld nie kan hoor nie, kan nie leer om te praat nie. Hulle gebruik hand- of vingertekens om met ander mense te kommunikeer. Ons noem dit gebaretaal. Verskillende tekens het verskillende betekenisse. Kyk na die alfabet van gebaretaal hieronder. Probeer om jou eie naam in gebaretaal te sê. Gebruik nou gebaretaal om jou maat te groet.




**Ons skryf**

Doen selfassessering oor die vorige aktiwiteit. Lees die vrae en maak 'n regmerkie (✔) of 'n kruisie (✘) in die korrekte blokkie.

| Selfassessering | ✔ | ✘ |
|---|---|---|
| Dit was maklik om my naam in gebaretaal te sê. | | |
| Ek kon my maat se gebaretaal verstaan. | | |
| Ek het dit geniet om in gebaretaal te kommunikeer. | | |

Onderwyser:
Teken:
Datum:

# Hoe kommunikeer ons as ons nie kan sien nie?



Ons doen

Maak jou oë toe en dink aan al die dinge wat jy nie kan doen wanneer jou oë toe is nie.
Kan jy 'n boek lees?
Kan jy skryf?
Weet jy of jou maat glimlag?
Wat het jou maat vandag aan?
Maak jou oë oop.
Het jy reg of verkeerd onthou?




Mense wat blind is en nie kan sien nie, gebruik die Braille-alfabet wanneer hulle lees en skryf.
Die Braille-alfabet bestaan uit opgehewe knoppies op die papier wat jy met jou vingerpunte kan voel.
Wanneer mense wat Braille ken, hulle vingerpunte oor die knoppies beweeg, kan hulle die woorde "lees". 'n Man met die naam Louis Braille, wat nie kon sien nie, het die Braille-alfabet uitgevind.



Datum: ..............................

**Ons lees** Kyk na die Braille-alfabet.






**Ons doen** Skryf jou naam in Braille.

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | |

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | |

**Ons skryf** Assesseer jou eie prestasie in die vorige aktiwiteit. Lees die vrae en maak 'n regmerkie (✔) of 'n kruisie (✘) in die regte blokkie.

| Selfassessering | ✔ | ✘ |
|---|---|---|
| Ek kon my naam met behulp van gebaretaal beduie. | | |
| Ek kon my naam in Braille skryf. | | |

**Ons beweeg** Mimiek die volgende swembewegings:

- Lê op jou rug en skop jou bene op en af.
- Lê op jou maag en skop jou bene op en af.
- Staan regop en swaai jou arms asof jy borsslag swem.
- Staan regop en swaai jou arms asof jy rugslag swem.
- Blaas borrels deur 'n strooitjie in 'n bak water.





# 59 Dag en nag



Ons praat Kyk na hierdie prente en gesels met jou maat daaroor.



Ons skryf Beantwoord nou hierdie vrae.


| |
|---|
| Watter prent sê vir ons dat dit nag is? |
| |
| Waarom sê jy so? |
| |
| Waarvan hou jy die meeste – dag of nag? Sê waarom. |
| |
| Wat kan ons gebruik om 'n lig in die donker te laat skyn? |
| |

Datum: ..............................





Kyk na die prentjies en praat met jou maat daaroor. Wat het 'n flitslig nodig om te kan werk? Wat moet jy doen om die flitslig te laat skyn?









Nommer hierdie prentjies in die regte volgorde sodat jy wys wat Refiloe doen vandat sy aandete geëet het totdat sy bed toe gaan.













Kies nou 'n byskrif vir elke prent uit die lys in die tabel.
Skryf die nommer van die korrekte prent langs die byskrif.

| | |
|---|---|
| Sy is moeg en raak dadelik aan die slaap. | |
| Sy gaan bad. | |
| Refiloe en haar gesin hou daarvan om saans saam te eet en stories te vertel. | |
| Dan is dit tyd dat Refiloe gaan slaap. | |
| Sy borsel haar tande. | |
| Na aandete help hulle almal om die skottelgoed te was en die kombuis aan die kant te maak. | |



60

# Drome en wense

**Ons doen** Verbeel jou dat jy 'n vreemde droom gehad het. Teken 'n prent van jou droom.

**Ons skryf** Skryf nou 'n paar sinne oor jou droom.

| |
|---|
| Wat het gebeur? |
| |
| Wat het jy gesien? |
| |
| Hoe het jy gevoel? |
| |



Datum: ..............................

## Ons skryf


Party mense sê dat jy iets moet wens as jy 'n verskietende ster sien. Verbeel jou jy het 'n verskietende ster gesien en skryf jou wens neer.

| |
|---|
| Ek wens . . . |
| |
| Ek sou graag wil droom oor . . . |
| |
| |




## Ons doen

Teken 'n prentjie van jouself waar jy lê en slaap.




**Jy het nodig:**


- enige soort verf
- 'n verfkwas
- 'n vel wit papier
- water in 'n glas of 'n beker waarin jy jou verfkwas kan skoonmaak




**Doen nou die volgende:**

Vou die vel papier in die helfte en maak dit dan oop. Teken nou 'n prentjie van jouself in jou nagklere op die een kant van die gevoude papier. Vou die papier nou weer in die helfte, terwyl die verf nog nat is, en vryf jou hand daaroor. Wanneer jy die papier weer oopvou, sal jy jou tweeling op die ander kant sien.







## Ons beweeg

Opwarming: Trek jou skouers op en skud jou arms en jou hande. Swaai jou regterarm vorentoe en in die rondte. Doen dit 6 keer. Doen nou dieselfde met jou linkerarm. Swaai jou regterarm agtertoe. Doen dit 6 keer. Doen dieselfde met jou linkerarm. Swaai albei arms 6 keer vorentoe. Swaai hulle dan agtertoe. Swaai nou terselfdertyd een arm vorentoe en een arm agtertoe. Doen dit 6 keer en ruil dan arms om. Koel af: Sit jou hande op jou maag. Asem stadig en diep in. Maak seker dat jy jou asem so diep moontlik intrek, totdat jy jou hande sien beweeg. Asem dan stadig en saggies weer uit. Herhaal dit 4 keer.



# Dagwerk en nagwerk



## Ons praat

Kyk na die prente en gesels met jou maat daaroor. Watter mense werk snags? Watter mense werk bedags?




## Ons skryf

In watter van hierdie beroepe moet mense bedags en snags werk? Maak 'n regmerkie (✔) langs die korrekte prente.



Datum: ..............................

**Ons praat** Gesels in jou groep oor al die mense wat net snags werk.

Werk onderwysers net snags?

Werk sekuriteitswagte net snags?

Ken jy iemand wat net snags werk? Wat doen hy of sy?

**Ons skryf** Skryf oor die soort werk wat hierdie twee mense in die nag doen.





Onderwyser:

Teken:

Datum:

# Hulle doen snags goeie werk

Ons praat

Kyk na die prente en gesels met jou maat daaroor.
Watter storie vertel die prentjies vir jou?



Datum: ..............................


**Ons skryf** Kyk weer na die prente en beantwoord dan hierdie vrae.

| Wat dink jy het die dokter vir die mynwerker gesê? |
| --- |
| |
| Wat gebruik 'n mynwerker om ondergronds te kan sien? |
| |
| Waarom is daar 'n sekuriteitswag by die hospitaal? |
| |
| Ken jy iemand wat snags werk? Watter werk doen hy of sy? |
| |
| Sou dit vir enigiemand moontlik wees om die hele dag en die hele nag te werk? Sê waarom jy so dink. |
| |
| |

**Ons beweeg**

- Klim tien keer op 'n trappie en dan weer af. Stop en haal diep asem.
- Klim nog tien keer op en af. Maak jou hande oop en toe terwyl jy dit doen.
- Klim nog tien keer op en af. Skud jou arms.
- Klim nou die laaste tien keer op en af. Klap jou hande terwyl jy dit doen.





63

Kwartaal 4 – Week 6–8

# Nagdiere

**Ons praat** Kyk na die prentjies en praat met jou maat daaroor. Kyk hoeveel van hierdie diere jy kan opnoem. Het jy al enige van hierdie diere self gesien?








**Ons lees**



Baie diere kruip gedurende die dag weg om te slaap en kom net snags uit. Ons noem hulle nagdiere. Party nagdiere bly daar waar dit gedurende die dag warm en droog is. Nagdiere se sintuie is baie goed ontwikkel. Hulle kan baie goed hoor, ruik en sien. Party nagdiere kruip weg van ander diere wat gedurende die dag jag. Daar is ook nagdiere wat gedurende die nag jag.




**Ons skryf** Beantwoord nou hierdie vrae.

| Waarom jag sommige diere snags? |
| --- |
| |
| |
| **Watter diere het jy al snags gehoor?** |
| |
| |

Datum: ..............................

## Ons skryf

Lees elke stelling. Maak 'n regmerkie (✔) as jy dink dat die stelling waar is. Maak 'n kruisie (✘) as jy dink dat dit onwaar is.

| Selfassessering | ✔ | ✘ |
|---|---|---|
| Party nagdiere kan uiters goed hoor. | | |
| Sommige diere slaap gedurende die dag om koel te bly. | | |
| Baie nagdiere kan uiters goed ruik. | | |
| Voëls is almal dagdiere. | | |

## Ons lees



Uile slaap gedurende die dag maar kom snags uit om te jag. Hulle het groot oë wat vorentoe kyk, soos ons s'n. Uile sien baie goed in maanlig. Hulle kan nie sien wanneer dit pikdonker is nie.

Uile het baie sterk, skerp kloue. Hulle gebruik hulle kloue om die klein diertjies wat hulle jag, stewig vas te gryp. Hulle vlerke is met sagte vere bedek. Die vere help uile om baie saggies te vlieg, dus hoor die diere wat hulle jag hulle glad nie.



## Ons skryf

Lees die stukkie oor die uil weer en beantwoord dan hierdie vrae.

| |
|---|
| Hoe gryp die uil sy prooi vas? |
| |
| Jag uile groot of klein diere? |
| |
| Hoe lyk die uil se kloue? |
| |



Onderwyser:

Teken:

Datum:

# 'n Diertjie wat snags veilig bly



**Ons praat**

Kyk na die prent en gesels met jou maat daaroor. Ken jy die naam van hierdie diertjie? Het jy al ooit een gesien?

**Ons lees**

Ystervarkies slaap bedags. Snags soek hulle kos. Hulle gebruik hulle sterk kloue om wortels en bolle uit te grawe sodat hulle dit kan eet. Hulle kruip graag onder rotse weg. Hulle het penne oor hulle hele liggaam. Die penne is soos baie skerp naalde. Wanneer 'n dier hulle wil vang en te naby aan hulle kom, beweeg hulle vinnig agtertoe en steek hulle penne in die jagter se lyf in. Die penne val dan van die ystervarkie af sodat hy kan vlug. Die jagter is gewoonlik te seer om die ystervark agterna te sit.

**Ons skryf** Beantwoord nou hierdie vrae.

| |
|---|
| Wat word hierdie diertjie genoem? |
| |
| Wat doen hy wanneer 'n jagter te naby aan hom kom? |
| |
| Waar woon hy? |
| |
| Wat eet hy? |
| |
| Is hy 'n nagdiertjie? |
| |

**Ons doen**

Gebruik klei om jou gunsteling-nagdier te bou.

**Ons beweeg**

- Trek 'n streep op die grond. Spring so ver jy kan vanuit 'n stilstaande posisie vorentoe. Wie spring die verste?
- Speel 'n rukkie lank sokker. Julle juffrou sal julle help.






# Make a circus mobile


Cut out the circus tent roof on the solid black lines. Glue the ends together to form a circle. Now join all the points together at the top with celotape.

Cut out the circus characters and hang them from the circus tent with string.

Fold the flag around the string at the top and glue it. Fold the stars around the string and glue it.




GEN LS G2 B2 CUTOUTS.indd 1 2014/09/02 11:40 AM




GEN LS G2 B2 CUTOUTS.indd 2 2014/09/02 11:40 AM



GEN LS G2 B2 CUTOUTS.indd 3 2014/09/02 11:40 AM
























GEN LS G2 B2 CUTOUTS.indd 4 2014/09/02 11:40 AM